

# Hoekom Paasfees vanjaar so laat is



*Freddie Schoeman is leraar van die gemeente Lyttelton-Oos en Diensleier vir Aanbidding in die Oostelike Sinode.*

“**H**oekom is Paasfees vanjaar so laat?” wil baie weet. Dit is só laat dat dit selfs buite die meeste skoolvakansies val. Waarom kan die datum van Paasfees nie vasgemaak word sodat dit elke jaar op dieselfde dag val nie? Dié soort vrae kom gereeld na vore.

Paasfees het ’n ryk tradisie wat oor eeue heen strek. Dit is vir alle praktiese doeleindes onmoontlik om die datum vas te maak soos sommige voorstaan, aangesien ’n wye verskeidenheid gelowiges en denominasies betrokke is.

## **Joodse maankalender**

Aangesien Paasfees die belangrikste fees van die Christelike kerk is en reeds sedert die tweede eeu gevier word, was die datum daarvoor reeds van vroeg af ’n debatspunt. Ons het vandag ’n vaste kalender wat in algemene gebruik is. Dit is ’n luukse wat die vroeë kerk nie gehad het nie. Hulle moes rondval tussen die Romeinse sonkalender en die Joodse maankalender.

Die Jode het Pasga op 15 Nisan volgens hulle maangebaserde kalender gevier. Hoewel die vroeë Christene graag

hulle Paasfees so na as moontlik aan die Joodse Pasga wou plaas (aangesien Jesus volgens die evangelies immers net vóór die Pasga gekruisig is), wou baie dit graag op ’n Sondag hê, aangesien dit die dag was waarop Jesus uit die dood opgewek is. Hulle het dus by hulle Joodse bure uitgevind wanneer die Week van die Ongesuurde Brood (waartydens die Pasgamaal geëet is) sou wees, en dan op die Sondag in daardie week hulle Paasfees gevier.

Ander Christene, veral in Klein-Asië, het egter Paasfees op 14 Nisan begin vier, of dit nou op ’n Sondag geval het of nie. Hulle het daarom as Quartodesimane<sup>1</sup> bekend gestaan. Polikrates van Efese (130-196 nC) was ’n groot voorstander hiervan. As gevolg van sy siening, het Pous Victor hom byna uit die kerk verban. Slegs bemiddeling van Irenaeus het dié situasie gered.

Die Joodse kalender was egter nie altyd akkuraat nie, en na die gevoel van die kerk soms deurmekaar. Daarom was daar teen die einde van die derde eeu ’n groeiende aandrang om die datum van Paasfees onafhanklik van die Joodse kalender vas te stel. Tydens die Konsilie van Nicea (325 nC) is besluit om ’n eenvormige metode te vind om dit te doen. Dit was egter makliker gesê as gedaan. Dié skynbaar eenvoudige takie sou nog etlike eeue neem om te voltooi!

’n Hele dissipline, genoem *computus*, het rondom die vasstelling van die datum van Paasfees ontstaan. Regoor die destyds bekende wêreld, van Rome tot in die Ooste, van Spanje tot Brittanje, van Alexandrië tot Konstantinopel, het mense hulle met die berekening van die Christelike kalender en die datum van Paasfees besig gehou.

’n Berekeningsmetode gebaseer op die verskil tussen die maankalender (354 dae) en die sonkalender (365 dae) wat in Alexandrië ontstaan het, het uiteindelik die basis gevorm van die metode wat redelik algemeen aanvaar is. In ongeveer 390 nC het biskop Teofilus die Aleksandrynse Paastabelle saamgestel. Berekenaars in Konstantinopel het skynbaar ook, onafhanklik van die

Aleksandryne, datums vasgestel wat met die Aleksandryne s’n ooreengekom het.

In 525 nC het Dionisius Exiguus<sup>2</sup> in Rome berekeningstabelle gepubliseer wat uiteindelik wyd aanvaar is. Hy het daarin geslaag om die Aleksandrynse kalender en metode in die Juliaanse kalender, wat in Rome in gebruik was, te inkorporeer. Dit het vir alle praktiese doeleindes daarop neergekom dat Paasfees op die eerste Sondag volgend op die eerste volmaan ná 21 Maart gevier word – die dag-en-nagewening in die eerste helfte van die jaar.<sup>3</sup> Daar is twee dae in ’n jaar wat die dag en nag ewe lank is vanweë die posisie van die aarde ten opsigte van die son: Maart en September.

In Dionisius se tabelle is die Christelike jaartelling (die konvensie om die geboortejaar van Christus as berekening van die jaartelling te gebruik) die eerste keer ingevoer. Weens ’n fout in sy berekening word Jesus se geboortedatum op ongeveer ses vóór Christus gestel.

## **Radikale kalenderhervorming**

In 1583 het daar egter ’n radikale kalenderhervorming ingetree. Daar is opgemerk dat die dag-en-nagewening (Engels *equinox*) van Maart al hoe vroeër skuif – met implikasies natuurlik vir die vieringsdatum van Paasfees. Duidelik was daar iewers ’n fout. Kundiges, onder andere Aloysius Lilius (Lilio), het toe vasgestel dat ’n jaar nie uit 365.25 dae bestaan nie, maar wel uit 365.2425. ’n Weglaatbare verskil? Skynbaar nie! Waar die dag-en-nagewening in 325 nC met die Konsilie van Nicea op 21 Maart geval het, het dit in 1583 reeds op 11 Maart geval – ’n verskil van *tien* dae.

Pous Gregorius het op 14 Februarie 1582 ’n edik (pouslike bul) met die titel *Inter Gravissimas* geteken waarin bepaal word dat ’n nuwe kalender in plaas van die Juliaanse kalender gebruik sou word, en dat 5-14 Oktober 1582 verwyder word. Mense het dus op die aand van 4 Oktober 1582 gaan slaap en die volgende oggend op 15 Oktober wakker geword! Dié nuwe kalender staan bekend as die Gregoriaanse kalender.

Die enigste probleem was dat die nuwe kalender deur 'n Rooms-Katolieke pous ingestel is. Dit het verandering nie net aan die kerklike kalender aangebring nie, maar ook die burgerlike kalender geraak.

Die pous het nie noodwendig gesag oor die burgerlike owerhede gehad nie. In sommige lande waar die Rooms-Katolieke in die meerderheid was soos Spanje, Portugal en die grootste gedeelte van Italië, is dit onmiddellik geïmplementeer. Ander Rooms-Katolieke lande het dit mettertyd eers gedoen.

Lande waar Protestante in die meerderheid was, het dit aanvanklik geweier of bloot geïgnoreer. Hulle het dit gesien as 'n ingreep van Rome om almal weer onder die gesag van die Katolieke Kerk te bring. Tussen 1753 en 1845 het

die meerderheid Protestantse lande ter wille van eenvormigheid dit egter ook aanvaar.

Rusland en Griekeland het die nuwe kalender eers in die 20ste eeu aanvaar. Teen daardie tyd moes hulle reeds 13 dae uit hulle kalender verwyder. Die Oosterse kerke volg egter nog steeds die Juliaanse kalender in hulle berekening van Paasfees. Daarom vier hierdie kerke Paasfees gewoonlik op 'n ander datum as die Westerse kerke.

So waarom is Paasfees hierdie jaar so laat?

Die rede is dat die eerste volmaan ná 21 Maart 2011 eers op 18 April verskyn. Die eerste Sondag ná 18 April is 24 April. Dit beteken dat Pinkster ook later as gewoonlik is, aangesien Pinksterfees

50 dae ná Paasfees gevier word. Vanjaar is Hemelvaartdag dus op 2 Junie en Pinksterfees tien dae later, op 12 Junie.

(Endnotas)

1 Mense primo, quarta decima die mensis, ad vesperum Pascha Domini est. *Die eerste maand, die veertiende dag van die maand, teen die aand, is die Pasga van die Here* (Lev 23:5).

2 Dionesius die Kleine of die Nederige. Hy was 'n besonder toegewyde monnik.

3 Paassondag was die eerste Sondag ná die eerste Luna XIV (die 14de dag van die nuwe maan) of ná die *XII Kalendas Aprilis* (dus 21 Maart oftewel 12 dae voor die eerste April inklusief getel). Die 14de dag van die nuwe maan was die dag waarop die paaslam laatmiddag geslag is. Dit was die praktyk tot en met die verwoesting van die tempel in 70 nC. Alle suurdeeg en broodkrummels wat suurdeeg bevat het, moes verwyder en verbrand word.

14 Nisan was die dag waarop die voorbereidings vir die viering van die Pasga plaasgevind het (vgl Lev 25:5).

# Ontmoetings met God en myself



## Ontmoetings met God en myself

'n Twaalf weke-studie oor fassinerende plekke in die Bybel  
Ds Dewald Davel

Prys: R44,95

Fassineer die plekname in die Bybel jou?

Hierdie 12 meditatiewe studies oor bekende en minder bekende plekke in die Bybel is geskryf met die hoop dat die verhale wat daar afgespeel het gelowiges vandag sal motiveer om ook by die verskillende plekke te gaan "stilstaan".

Direkte bestellings: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)  
Deeloproepe: 0860 26 33 42 E-aankope: [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

